

5 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 14:20-31**

**Fokusgedeelte: Spreuke 14:20, 31; Matteus 6:11**

### **Armoede of rykdom – eer jy God met jou besittings?**

Ons vra voortdurend dat God in sy groot genade vir ons sal versorg met alles wat vir die liggaam nodig is *sodat al ons sorge en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie. Gee daarom dat ons ons vertrouwe van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel.* Hoe beïnvloed die middele wat God aan my toevertrou, my verhouding met Hom?

Hierdie gedeelte wys ons op die gevaar van die verkeerde klem wat ons kan plaas op die middele wat God aan ons toevertrou. Die gevaar is baie groot – en ons sien dit elke dag – dat mense vergeet wie die Gewer is van die gawes wat hulle het. Wanneer dit gebeur, dan word ons lewens en ons verhouding met ons medemens skeefgetrek.

Wanneer die middele wat die Here aan ons toevertrou, ons status begin bepaal, dan kan dit gebeur dat ons neersien op hulle wat minder as ons het. Dan raak ons besittings die grond om vriende om ons te skaar en ons vertrouwe op hulle te stel.

Wie egter die arme verdruk, tree oneerbiedig teenoor God op. Dan vergeet ons die groot genade dat Hy ons gebed om daaglikse brood verhoor en vir ons gee. Dan vergeet ons dat die Here ons die opdrag gee om ook aan hulle wat minder as ons het, te gee. Nie net 'n muntstuk en die arme dan minag nie, maar ook die arme met waardigheid te behandel, anders beledig ons die Here.

Het Christus jou as armsalige sondaarmens geminag toe jy in jou ellende was? Hy het Hom oor jou ontferm en só sy Vader in die hemel geëer.

Sing: Psalm 128:4 (Totius)

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)